Redaksioneel

Steward van Wyk
Wium van Zyl

Hierdie nommer van T.N.&A. bevat artikels wat voortgekom het uit twee simposiums: 'n simposium wat gehou is by die Universiteit van Pretoria en 'n herdenkingsgeleentheid by die Nasionale Letterkundige Museum in Bloemfontein ter herdenking van die Afrikaanse taalpionier G.R. von Wielligh se 150ste geboortedag. Die gasredakteur was Hein Grebe. Toe hy weens ernstige sieke nie met die werk kon voortgaan nie het Nerina Bosman ingetree en die werk afgehandel.

Martjie Bosman ondersoek N.P. van Wyk Louw se sonnetreeks "Drie keiserportrette" uit sy bundel *Nuwe verse* (1954). Sy plaas die gedigte in die konteks van die telkense aandag in Louw se oeuvre aan die verskynsel van historiese oorgangsperiodes en ook die Romeinse geskiedenis as sodanig. In die omgaan met die ontwikkeling van die pre-Christelike politieke situasie tot 'n dominant Christelike staatsbestel is hier volgens haar nie sonder meer sprake van 'n pro-Christelike ingesteldheid nie.

Adéle Nel ondersoek die element van geografiese ontheemding in Etienne van Heerden se *30 Nagte in Amsterdam*. Sy span hierby Nancy Stieber (2006) se kategorieë die "image of the city, the imagined city and the imaginary city" as raamwerk in vir haar beskrywing van die ervaring sowel as die aanbieding en verbeelding van Amsterdam in die roman. Amsterdam word verder ook ondersoek as 'n sone en "heterotopia" met die fokus op die twee ongelyke en mekaar uitsluitende wêrelde, naamlik die Oos-Kaap (Suid-Afrika) en Amsterdam (Nederland). Die kwessies van post-koloniale subjek en identiteit word hierby betrek asook by haar interpretatiewe gevolgtrekking oor sowel Henk de Melker en sy Tante Zan se uiteindelike terugkeer na hul geboortekontrei.

Leti Kleyn en Johann Lodewyk Marais rig die aandag op die Suid-Afrikaanse sensuurbestel in die vorige politieke bedeling en die invloed wat dit gehad het op die land se letterkunde. Hulle behandel die digter en kunstenaar Wopko Jensma se digbundel *where white is the colour, where black is the number* (1974) as gevallestudie. Na aanleiding hiervan word opnuut besin oor die plek wat Jensma se werk in 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis behoort in te neem asook ten opsigte van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse boek.

Burgert Senekal ondersoek die hedendaagse Afrikaanse protesmusiek. Sy tese is dat dit veral vervreemding onder die jeug tot uitdrukking bring. Hierby span hy Hermann (2009) se insigte in asook dié van Seeman (1983), Geyer (2001) en Mirowsky en Pribesh (2001). 'n Seleksie van lirieke van liedjies ná 1994 word bespreek. Elemente van magteloosheid en sosiale isolasie kom hierin sterk na vore,

J. C. Steyn bespreek G.R. von Wielligh se verbintenis met die sogenaamde Eerste Afrikaanse Taalbeweging. Allereers word die feitelike betrokkenheid van hierdie veelsydige persoonlikheid by die beweging bespreek. Vervolgens word sy latere

rol as skrywer oor die beweging in beskouing geneem. In die proses word ook die beskuldiging teen hierdie taalpioniers nagegaan dat hulle as Afrikaner-nasionaliste die taal "om politieke redes 'gekaap' of alleen vir hulleself toegeëien het".

Corlietha Swart bespreek hoofsaaklik Von Wielligh se bydrae as taalkundige en sien daarin onder meer 'n verbintenis met sy opleiding as landmeter. Hy was met hierdie benadering van hom volgens haar 'n voorloper ten opsigte van taalgeografie. Sy nog moeilik finaal vasstelbare, maar belangrike rol by die aanvanklike materiaalversameling vir die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* word eweneens van nader beskou. Dieselfde geld vir ander vertakkings van die taalkunde wat in sy tyd soms nog nie eens name gehad het nie soos die sosiolinguistiek, morfologie, sintaksis, fonetiek, semantiek en die historiese taalkunde.

Ons bedank graag die gasredakteurs, die keurders en Christa van Zyl wat die uitleg en grafiese ontwerp vir die voorblad gedoen het.

Universiteit van Wes-Kaapland